

**DINK SAAM OOR DIE VOLGENDE VRAE:**

1. Probeer terugdink aan die tyd toe jy leer fietsry het (of as jy nog nie kan fietsry nie aan iets wat jy leer doen het, soos self jou klere aantrek of self puzzle bou). Was dit die eerste keer maklik of moeilik? Hoe het jy gevoel toe jy dit nie dadelik reggekry het nie?
2. Ek wonder wat jy gedoen het om dit reg te kry uiteindelik? Met fietsry, moet mens eers klein trappies gee, voor jy ver kan ry. Met puzzle bou, moet jy eers een stukkie en dan nog 'n stukkie insit voor jy die hele puzzle kan klaar bou. Met aantrek, moet jy eers die broek, dan hemp, dan baadjie, sokkies, ens aantrek voor alles klaar aangetrek is.
3. Ek wonder of mens dit kan regkry om van die begin af dadelik die perfekte kind van Jesus te wees en alles te doen presies soos Hy wil hê?
4. Ek wonder watter kleiner "stappe" is daar waaraan ons kan werk, sodat ons nie moedeloos word nie, maar wat ons steeds help om by die groot prentjie of "langtermyn" doelwit van Chrsiten-wees uit te kom?
5. Die Hebreërs skrywer se voorstel van hierdie "klein stappe" is liefde, diens en geduld. Ek wonder of ons saam aan voorbeelde hiervan kan dink?

**DOEN NOU DIE VOLGENDE ALTIWITEIT:**

Inkleur deur middel van nommertjies is 'n voorbeeld van iets waar ons klein stappies doen, om uiteindelik by die groot prentjie uit te kom. Ons kleur nie alles dadelik, gelyk in nie, maar stappie-vir-stappie kleur ons uiteindelik die hele prentjie klaar in.

Kleur die prentjie stap-vir-stap volgens die nommers in

1. Geel
2. Rooi
3. Groen
4. Oranje
5. Pers
6. Bruin

